Laerskool Villieria

100 JAAR
1903 - 2003
LOOP WAKKER

Telefoon: 012 331 1100
E-pos: villiesskool@icon.co.za
Webwerf: www.laerskoolvillieria.co.za

Ben Swartstraat 1032
Villieria
Pretoria
0186

4 Oktober 2024

Geagte ouers/voogde

**NUUSBRIEF 35/2024**

My dierbare Villies, kwartaal 4 is met ons. Hartlik welkom terug aan elke liewe Villiesleerder, ouerhuis en ons staatmaker personeel – en glo my, van die beste personeel wat jy bymekaar kan kry. Kom ons hou aan omgee, omgee vir jou skool, sy personeel, leerders en mede-ouers.
Met trots … VILLIES!!!

**NUWE- / BELANGRIKE BOODSKAPPE**

**LAERSKOOL VILLIERIA SKAKELBORD**

Soos per vorige kommunikasie aan u gestuur, ondervind ons tans probleme met ons skool se skakelbord. Ons vra wéér dat u die skool se selfoonnommer sal skakel (7:00 – 14:30) by 0680375421, en nie die landlyn nie.

**FONDSINSAMELING**

- **Blits (Fire Lighters)**
  Ouers/Voogde sal deur die loop van volgende week ‘n sms ontvang wanneer ons die Blits bestellings gaan uitdeel. Dit sal op dieselfde prinsiep werk as die Sakkeprojek se uitdeel.

- **Sakkeprojek**
  Daar is steeds sakkepakkette te koop hier by die skoolkantoor teen R50 per pakket.
  “1st Come, 1st serve.” Baie dankie vir u getroue ondersteuning.

**FOTO’S**

- **Graad R – 7 (Kerspakkette) en graad R-gradeplegtigheid**
  Alle gelde moet asseblief voor of op Vrydag, 1 November 2024 inbetaal wees by die klasonderwyser(es). Plaas asseblief die korrekte kontantbedrag in die koevert en plak toe, aangesien die koeverte net so aan die fotograaf gegee word. Ons maak glad nie die koeverte oop nie.

**KULTUUR**

- **Talentaand (Graad 1 – 7)**
  Hierdie kwartaal bied Laerskool Villieria ‘n Villies-Talentaand aan vir enige graad 1- tot 7-leerder wat belangstel. Leerders kan hul name by juffrou Roelandi Winters gaan opgee. Oefen solank jul items.
  Oudisies vir die talentaand vind plaas Maandag, 28 Oktober 2024 en Woensdag, 30 Oktober 2024. Verdere inligting sal volg.

## SPORT

- **Atletiek**
  - **o/9**

    In ‘n poging om die o/9-atlete te help voorberei vir die nuwe seisoen, word daar uitdunne gehou vir die velditems. Enige o/9-leerder wat wil deelneem is welkom.
    Uitdunne vind plaas Maandag, 7 Oktober 2024 gedurende skoolure waartydens afrigters die nodige hulp en leiding sal gee.
    Leerders wat wil deelneem moet asseblief hul sonskerm, hoed en water onthou, asook met hul Villiesdrag skool toe kom.

    ➢ Program

| **8:00** | **9:00** | **10:00** |
|---|---|---|
| Hoogspring | Verspring | Gewigstoot |

  - **o/7 – o/12**

    Vanaf Dinsdag, 8 Oktober 2024 begin ons weer met oefening vir alle belangstellende atlete.

    ➢ Oefentye is as volg:

| DAG | TYD | o/7 + o/8 | o/9 | o/10 | o/11 | o/12 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Dinsdag | 13:45 – 14:30 | Naellope | Gewigstoot | Hoogspring | Verspring | Naellope, Middelafstande |
| | 14:30 – 15:15 | Middelafstande | Verspring | Naellope, Middelafstande | Gewigstoot | Hoogspring |
| | 15:15 – 16:00 | | | | | Spiesgooi, Diskus |
| Donderdag | 13:45 – 14:30 | Naellope | Hoogspring | Verspring | Naellope, Middelafstande | Gewigstoot |
| | 14:30 – 15:15 | Middelafstande | Naellope, Middelafstande | Gewigstoot | Hoogspring | Verspring |
| | 15:15 – 16:00 | | | | | Spiesgooi, Diskus |

- **Rugby**
  - **7’s Rugby**

    ✓ Al die toernooie vind plaas in Oktober elke Saterdag.
    ✓ Toer na Zwartkloof. (Koste R800 per speler).
    ✓ Alle gelde asseblief inbetaal by meneer Malan voor of op Dinsdag, 22 Oktober 2024.
    ✓ Toestemmingsbriewe moet by meneer Malan ingehandig word.

    ➢ Oefentye vir die komende week:
    ✓ Maandag en Woensdag  o/11 en o/12  14:00 – 15:00

    ➢ Toernooie:
    ✓ 5 Oktober 2024  Laerskool Villieria
    ✓ 11 Oktober 2024  Laerskool Stephanus Roos
    ✓ 19 Oktober 2024  Rietondale Primary

## BEGROTINGSVERGADERING

Ons jaarlikse begrotingsvergadering vind plaas Woensdag, 23 Oktober 2024 (18:00) in die skoolsaal. Indien daar nie ‘n kworum bereik word nie, sal daar ‘n opvolgvergadering plaasvind op Donderdag, 24 Oktober 2024 (18:00) in die skoolsaal.

**HERHALENDE BOODSKAPPE**

**MERIETE OGGENDE**

- ✓ Grondslagfase Dinsdag, 3 Desember 2024
- ✓ Intersenfase Woensdag, 4 Desember 2024

Verdere reëlings sal later deurgegee word.


**VILLIES-GEBEDSGROEP (Villies Wat Bid)**

- ✓ Elke Maandag (7:15 – 7:45) in die Sportsaal oorbaan.
- ✓ Ons is opgewonde om vanaf kwartaal 3, ook 'n tweede gebedsoggend te begin om sodoende meer ouers te akkommodeer, naamlik:
- ✓ Elke Donderdag (7:15 – 7:45) by die Moot Maats kleuterskool in 29ste Laan. (Oorkant die rolbalbaan).
- ✓ Om by die gebeds-whatsappgroep aan te sluit, volg hierdie skakel https://chat.whatsapp.com/Drxh2JX2GMXA4z1Z2ieXcq

**FOTO'S**

- **Sport- en skaakfoto's**
  Alle sport- en skaakfoto's is beskikbaar vir bestelling by die afrigters teen R50 per foto. Geen EFT-betaling, slegs kaart of kontant hier by die skoolkantoor of by afrigters. Bestelling en betaling voor of op Vrydag, 11 Oktober 2024.

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**





Villiesgroete

**DP HAASBROEK**
**HOOF**

***Sien asseblief advertensies op volgende bladsye***


ONS ONTHOU FEES
2/11/2024
8:00 - 15:00
GRATIS TOEGANG!
PRET VIR DIE HELE FAMILIE
Kosstalletjies en ietsie vir die dors, Springkasteel, Bull Ride, Pretloop, Skattejag, Musiek (DJ Gypsy & OVIE Vibz), Fietsry, Gesigverf, Voortrekkers Magaliespoort, Vars produkte uit die omgewing. Doen jou Kersfeesinkopies by die verskillende stalletjies.
Ons vat hande saam
NG Florandia &
NG Petronella
NG Wonderpark
KOM KUIER SAAM
15:00
KARLIEN HUSSELMAN
& ANTHONY MCGEE
R150 pp
Vingerete & wyn ingesluit
KAARTJIE BESPREKINGS & vir meer inligting:
061 407 3984
NG GEMEENTE HAAKDOORN
CHRISTUS ALLES EN IN ALMAL
NG Gemeente Haakdoorn, Haakdoornpad 25, Haakdoornboom, Onderstepoort, PTA


05 OKTOBER 2024
GRATIS WERKSWINKEL:
MY KIND, TEGNOLOGIE EN SOSIALE MEDIA
DR JOHAN SMITH
Toegang is gratis! Bespreek jou plek by
Talita Fourie per WhatsApp 076 107 9988
of per e-pos talitafourie13@gmail.com vóór
20 SEPTEMBER 2024.
10:00-12:00
KERKGEBOU
NG RIETFONTEIN-SUID



Laerskool Villieria
2024 Dagboek
100 JAAR
1903 - 2003
LOOP
WAKKER
Klas:
Naam:
Dagboek 2025
Dis weer tyd vir die skool se dagboek!
Navrae kontak asb vir Zoë
079 407 5863
A5 210mmx148mm R5225.00
A6 148mm x 105mm R2613.00
Strip 148mm x 70mm R1742.00
Block 70mm x 70mm R871.00
Prys sluit in volkleur advertensie.
Swart en wit advertensie "random" in boek.
Een advertensie in die skool nuusbrief per kwartaal.
Advertensie word in 1000 boekies geprint.
Adverteer jou besigheid en help
ons kinders om 'n gratis dagboekie
vir 2025 te ontvang